MPhil (MUSIEKTEGNOLOGIE)

Programbeskrywing

Kodes vir Musiektegnologie:

- 50652 – 879 (180)
- 50652 – 889 (180)

Spesifieke toelatingsvereistes

Enige persoon wat in besit is van die Nagraadse Diploma in Musiektegnologie of enige ander kwalifikasie wat deur die Senaat as geskik en genoegsaam geag word, kan tot die eenjarige MPhil-graad toegelaat word. Afhangende van die studie-agtergrond en ervaring van die aansoeker mag aanvullende werk as voorvereiste gestel word alvorens die persoon tot die studie toegelaat word.

Alhoewel basiese musiekkennis ’n voorvereiste is vir toelating, is dit vanweë die modulêre aard van aanbieding moontlik om studente wat nie aan hierdie vereiste voldoen nie, te akkommodeer.

Voornemende kandidate word daarop gewys dat aanvaarding van die navorsingsvoorstel onderhewig is aan die suksesvolle voltooiing van Navorsingsmetodologie 414.

Programstruktuur

Aard van program

Die program duur een jaar: Gevorderde tegniese en navorsingsvaardighede op die gebied van musiektegnologie en multimedia. ’n Gekwalifiseerde persoon moet tegnologie sinvol en verantwoordelik kan toepas en ontwikkel.

879:

Verpligte modules

12855 : Tesis (Musiektegnologie)	876(180)

889:

Verpligte modules

12855 : Tesis (Musiektegnologie)	871(90)
11901 : Vakgerigte Studies (Musiektegnologie)	872(90)

Assessering en eksaminering

1. Praktiese en skriftelike werkopdragte, deurlopende assessering van projekte, groter projekte op ’n jaarlikse basis, en tesisse.
2. Vir die beoordeling van die werk, sal daar van eksterne eksaminering gebruik gemaak word.

Navrae

Programkoördineerder: Prof W Lüdemann
Tel.: 021 808 2336 E-pos: wl@sun.ac.za
Webadres: http://www.sun.ac.za/musteg